

Tronk by Tzaneen ná 9 j. byna reg

Hendrik Hancke

Nege jaar nadat die bouwerk begin het aan 'n reusetronk buite Tzaneen is daar hoop dat dié gevangenis vanjaar uiteindelik in gebruik geneem sal word. Intussen word gevangenes in 'n sinkgebou langs die bouperseel gehuisves, van waar hulle alte gereeld ontsnap.

Die kontrak vir dié bouprojek, wat tot op hede R276 miljoen beloop, is in Desember 2009 aan Keren Kula Construction toegeken, maar die maatskappy is in Desember 2014 gelikwideer.

Thami Mchunu, woordvoerder van die departement van openbare werke, het Vrydag aan *Rapport* gesê dié oponthoud behoort tot die verlede en die bouwerk is weer volstoom aan die gang.

“Keren Kula se aanvanklike kontrak is in Januarie 2017 ná hul likwidasië aan Musan Trading Enterprise BK toegeken. Waar die aanvanklike mikpunt vir voltooiing van die tronk 12 Augustus 2012 was en dit later hersien is na 17 November 2014, is dit nou weer hersien en die nuwe mikpunt vir die voltooiing is 24 Junie vanjaar,” sê Mchunu.

Hy sê die nuutste hersiening en uitstel is te wyte aan vertragings wat “buite die kontrakteurs en die departement se beheer val”.

“Op die oomblik is die tronk 67% klaar gebou. Bouwerk trek by 55%, eksterne werk 94%, elektriese installering 81%, meganiese werk 55% en sekerheidsinstallasies by 83%.”

Mchunu sê die leë tronk word deur 'n veiligheidsmaatskappy opgepas totdat die perseel amptelik aan die departement oorhandig sal word.

“Die kontrak vir die veiligheid is in Februarie 2016 aan 'n maatskappy genaamd No Name Trading toegeken. Hulle word R38 600 per maand betaal om die perseel op te pas.”